

# 3 suksesstories




Anneke van Vuuren, Victor Harley en Brigitta Bouwer

## Ons is in die gemeenskap, vir die gemeenskap

Anneke van Vuuren, deli-eienaar

Toe die grendeltyd aangekondig is, het Anneke van Vuuren, eienaar van die **42 on Sonneblom Deli** in Stellenridge, Kaapstad, dadelik plan gemaak. Haar man en mede-eienaar, Franco, wat 'n IT-kenner is, het die Calendly-app ingespan sodat hul klante daarmee 'n 10-minuut-afspraak kan maak om alleen saam met haar in hul huiswinkel inkopies te doen. Maskers en handreiniger word verskaf.

Op Maandae saai Anneke regstreeks op Facebook Live uit en wys hul klante watter produkte en spesiale aanbiedinge beskikbaar is. "Ek stap sommer deur die tuin ook en wys vir hulle watter plante blom – mense mis ons koffietuin en wil so graag weer kom kuier op die



FOTO'S  
HAMISH NIVEN  
PHOTOGRAPHY

stoep," vertel sy.

Die Van Vuurens lewer ook tussen vyf- en seweur saans produkte af vir mense in die omgewing wat nie inkopies kan doen nie. Hul nuwe Love Boxes, perfek om in dié tyd met jou geliefdes in aanraking te kom, is baie gewild. Franco het 'n vorm op hul webwerf "gebou" waarop klante hul inligting, wenslys en

besteembare bedrag kan invul. Die bokse word vol deli-items gepak en plaaslik en landwyd afgelewer.

Anneke het nooit oorweeg om die deli te sluit nie en was in ekstase toe hulle permitte gekry het om as huiswinkel te kon voortgaan en af te lewer. (Hulle val onder 'n spazawinkel!)

"Ons is hier in die gemeenskap, vir die gemeenskap. Ons ondersteun plaaslike verskaffers. Heel in die begin kon party nie voortgaan nie, omdat hulle bv. nie toestemming kon kry om hul produkte by ons af te laai nie. Ons het dit toe by hulle gaan haal sodat hul besigheid kon voortgaan . . . en ons rakke bly vol."

### RAAD VIR KLEIN ONDERNEMINGS?

As jy nog nie aanlyn is nie, maak 'n plan. Probeer elke dag iets op sosiale media plaas sodat jou klante nie van jou vergeet nie. As jou besigheid eers op vlak 2 of 1 operasioneel kan raak, moenie wag tot dan nie – verander nou al en soek nuwe geleenthede.

**Facebook: 42 on Sonneblom Deli and Function Venue**

Fotos Shaun Pearse van @epixshoots, hamishNIVEN-Photography

## Maak maar foute, maar dóén net iets

kunstenaar Victor Harley

'n Windverwaaide boom. Lig wat deur 'n klompie bloekoms val. 'n Laeveldse landskap . . .

As jy een van kunstenaar Victor Harley van Bettysbaai se **mini-kunswerke** wil koop, moet jy vinnig spring. Dit word opgeraap sodra dit op sy Instagram- of Facebookblad land. Victor het dié werk in grendeltyd begin doen omdat sy gewone inkomstebronne soos galery-uitstallings daarmee heen was. **Dié landskappies is baie anders as sy gewone werk, wat "groter en redelik somber" is.** "Ek was eers huiwerig om die eerste ene te *post*. Ek is selde tevrede met my werk, en soos meeste mense, bang vir misluk. Toe dit binne minute verkoop, het ek dadelik nog begin verf!"

Al is dit klein (gewoonlik enigiets van 10 x 10 cm tot 20 x 20 cm), pak hy dit met dieselfde oorgawe aan. Soms neem dit 'n uur, soms vyf, maar elke aand om seweur plaas hy een. Tussendeur werk hy aan sy toekomstige uitstallings – "die kleintjies is 'n golf wat my net so ver kan neem."

**Die klein kunswerke is baie**



Dié klein kunswerke is baie bekostigbaar – sowat 'n derde van die koopprys wat Victor gewoonlik vir dié grootte vra.

FOTO'S @VICTORHARLEYART OP INSTAGRAM

bekostigbaar – sowat 'n derde van sy gewone verkoopprys vir dié grootte. Al is dit baie gewild, hou hy die pryse laag. "Ek verf lekker, dit pas mense se sakke en soms is dit nodig om ook te gee," sê hy. Alles sal ná grendeltyd afgelewer word.

Victor is ook 'n omgewingskonsultant en het oorgenoeg idees vir sy nuwe werk – duisende foto's van berge, bome, landskappe. As hy sy oë toemaak, sien hy steeds die plekke waar hy in die veld gestap het toe hy in sy twintigs 'n veldgids was.

### GROOTSTE SAKELES GELEER IN DIÉ TYD?

Dis belangrik om nie aan die einde van alles die prys te kry vir die persoon wat niks verkeerd gedoen het nie, net omdat jy niks gedoen het nie. Maak maar foute, soos die Engelse sê: "Be prepared to get egg on your face." En dan swem jy uit vir die volgende golf.

**Vir meer: @victorharleyart, victorharleyart.com**

## Moenie dat jou vrese jou terughou nie

joga-instrukteur Brigitta Bouwer

Baie uitdagings het Brigitta Bouwer, direkteur van **Yoga Motive** in Tuine, Kaapstad, in die gesig gestaar toe grendeltyd afgekondig is: Sy moes 'n tuisateljee inrig, haar webwerf herontwerp en 'n digitale platform kry wat haar joga-klieënte maklik kan gebruik. En sy moes sorg dat hulle

steeds dieselfde ervaring aanlyn het as wanneer sy persoonlik by hulle is . . .

By tye was dit moeilik om nie net hande in die lug te gooi nie en te roep: "Ek gee op!" Maar die werklikheid is dat sy nie 'n keuse gehad het nie – "ek moes dit net laat werk". Gelukkig het Brigitta die beste gereedskap gehad om haar gefokus te hou: joga en aandagtigheid. (Sy is ook 'n meditasie- en *mindfulness*-afriigter.)

Die oorgang na aanlyn klasse was grotendeels 'n reuse-sukses. Haar klieënte is gelukkig en het aangepas by dié surrealistiese nuwe realiteit. "Natuurlik mis ons dit om in lewende

lywe te *connect*, maar dit werk." Boonop het die Yoga Motive-familie danksy *word of mouth* en sosiale media gegroei, met talle jogaliefhebbers van reg oor die land en buiteland wat aangesluit het. Brigitta bied ook gratis aanlyn klasse. Joga bly 'n persoonlike ervaring en só kan potensiële klieënte eers haar klasse toets voordat hulle aansluit. "En mense beleef erge finansiële krisisse – my dienste bly gratis vir mense wat hul werk verloor het weens Covid-19."

### LESSE GELEER

■ Moenie dat jou vrese of wat jy as jou beperkinge sien, jou terughou nie.

Dit was skrikwekkend om my hele sakemodel te verander – ek het geen benul gehad van wat ek doen nie! Maar ek kon deur die vrees breek.

- Moenie huiwer om hulp te vra nie van vriende, familie of kollegas.
- Wees gaaf met jouself – jy doen die beste wat jy kan in 'n besonder moeilike tyd.
- Die wêreld het verander, pas aan. Dink na oor wat jou uniek maak – hoe kan jy dit omskep in iets wat vir jou klieënte in hierdie tyd waarde het? □

**Vir meer: yogamotive.co.za, info@yogamotive.co.za**



Brigitta Bouwer, joga-instrukteur, gee nou klas aanlyn. FOTO'S SHAUN PEARSE @EPIXSHOOTS